

Suid-Afrika as 'n misdaadstaat – 'n kritiese beoordeling¹

André Duvenhage

André Duvenhage, navorsingsprofessor, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Opsomming

Die begrip *misdaadstaat* (ook genoem *mafiastaat* of *pakhanate*) het geen bekendstelling nodig nie. Histories is dit geassosieer met onder meer Rusland, Italië en Japan. Meer hedendaags kan talle state as misdaadstate beskryf word, hoewel die graad daarvan mag verskil. In 'n wêreld waar 'n “revolusie van misdaad” aan die orde van die dag is, is die begrip en sy betekenis nie net van toepassing op sommige Afrikastate soos die Demokratiese Republiek die Kongo en Nigerië nie, maar in besonder ook Suid-Afrika. GI-TOC se gesaghebbende Global Organized Crime Index (2023) plaas Suid-Afrika wat beide gewone en georganiseerde misdaad betref, sewende in die wêreld, in die geselskap van byvoorbeeld Venezuela, Afganistan en El Salvador. Hierdie perspektief word verder bevestig deur die voorkoms van tallose skandale, waaronder die wapenskandaal, Oilgate, Travelgate en vele ander soos ondersteun deur die bevindinge van die Zondo-kommissie. Laasgenoemde verslag dui op uitgebreide vorme van endemiese en sistemiese korrupsie – ook bekend as staatskaping. As staat weerspieël Suid-Afrika ook die eienskappe wat met misdaadstate geassosieer word. Dit is onlangs verder bevestig deur die uitsprake van luitenant-generaal Nhlanhla Mkhwanazi wat korrupsie op die hoogste vlak binne die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) impliseer, en wat daartoe gelei het dat die betrokke minister, Senzo Mchunu, op verpligte verlof geplaas is hangende bepaalde ondersoeke.²

Die doel van hierdie navorsing is nie net om aan te dui of Suid-Afrika kwalifiseer om as 'n misdaadstaat geïdentifiseer te word nie, maar 'n ontleding en beoordeling van die praktyk in Suid Afrika. Die skepping van 'n normatiewe raamwerk ten opsigte van die staat (kenmerke, funksies en take) sal as grondslag gebruik word om die onderskeidende aard van misdaadstate te identifiseer, met ander woorde wat hierdie kategorie eiesoortig maak, maar ook andersoortig ooreenkomstig dit wat vroeër met nasiestate geassosieer is. Anders as my vorige navorsing oor die klassifikasie van Suid-Afrika binne die kategorie van misdaadstate is hierdie artikel toegespits op 'n meer uitgebreide toepassing van die misdaadstaatkonteks. Daar word veral gekonsentreer op die funksionering (aard en werking) van misdaadtendense binne die Suid-

Afrikaanse politieke konteks en die implikasies daarvan vir die demokratiese politieke bestel. Die ondersoek is 'n literatuurstudie, kwalitatief van aard, deduktief (dit werk vanuit 'n bepaalde ontledingsraamwerk), terwyl verifiëring kwalitatief (normatief) van aard is met die gebruik van data, syfers en inligting wat as motivering en bewysgrond sal dien.

Fokuspunte van die navorsing sluit in:

- 'n konseptualisering van die staat (kriteria, kenmerke, funksies ens.)
- onderskeidende kenmerke van misdaadstate
- die Suid-Afrikaanse staatkundige bestel
- Suid-Afrika as 'n misdaadstaat
- enkele binnewerkinge van die Suid-Afrikaanse misdaadstaat
- gevolgtrekkings en evaluerende perspektiewe.

Trefwoorde: kaderontplooiing; konstruksiemafia; mafiastaat; misdaadstaat; nasiestaat; pakhanate; politieke sluipmoorde; staatskaping; swak/mislukte staat; Zondo-kommissie van ondersoek

Abstract

South Africa as a criminal state – a critical evaluation

The concept of a *criminal state* (also referred to as a *mafia state* or *pakhanate*) is well known. Historically it has been associated with states like Russia, Italy and Japan. Currently many states can be described as criminal states, although there may be differences in degrees of criminality. In a world accustomed to a “revolution of crime”, the concept and its meaning are not only applicable to some African states like the Democratic Republic of the Congo and Nigeria, but specifically also South Africa. GI-TOC’s reliable Global Organized Crime Index (2023) places South Africa seventh in the world in terms of general and organised crime, in the company of Venezuela, Afghanistan and El Salvador. This perspective is further confirmed by the prevalence of numerous scandals, including the arms deal scandal, Oilgate, Travelgate and many more, as supported by the findings of the Zondo Commission of Enquiry. The report indicates extensive forms of endemic and systemic corruption – also known as state capture. As a state South Africa also reflects the characteristics and features associated with criminal states. This has recently been further confirmed by the judgments of lieutenant-general Mkhwanazi, who has implied corruption at the highest level in the South African Police Services (SAPS), and which caused the minister concerned, Senzo Mchunu, to be placed on compulsory leave pending specific investigations.

The aim of this research is not only to determine whether South Africa qualifies to be identified as a criminal state, but it is also an analysis and assessment of this phenomenon in South African politics. The creation of a normative framework regarding the state (features, characteristics, functions and tasks) will be used as a basis to identify the distinguishing nature of criminal states, in other words what makes this category distinctive, and also different according to characteristics earlier associated with states. Unlike my previous research on the classification of South Africa within the category of criminal states (*pakhanate*), this article is

focused on a broader application of the criminal state context. The focus is especially on the functioning (nature and effect) of criminal tendencies within the South African political dispensation and the implications thereof for the democratic political dispensation. The investigation is in the form of a literature study, of a qualitative nature, deductive (functioning from a specific analytical framework), while verification is of a qualitative nature (normative) by means of the use of data, numbers and information that will serve as motivation and evidence. Focal points of the research include:

- a conceptualisation of the state (criteria, characteristics, functions, etc.)
- differential features of criminal states
- the South African political dispensation
- South Africa as a criminal state
- a few internal operations of the South African criminal state
- conclusions and evaluating perspectives.

Keywords: cadre deployment; construction mafia; criminal state; mafia state; nation state; pakhanate; political assassinations; state capture; weak/failed state; Zondo Commission of Enquiry

1. Inleiding

Volgens GI-TOC se Global Organized Crime Index (2023) val Suid-Afrika saam met state soos Venezuela, Afganistan, Honduras, Trinidad en Tobago, El Salvador, Brasilië en Jamaika in die kategorie van state waar misdaad die meeste ter wêreld voorkom (Swanepoel 2024:1). Met 'n puntetoekenning van 7,18 word Suid-Afrika volgens hierdie indeks sewende in die wêreld geplaas. Hoewel misdaadsyfers soms afwaarts beweeg (afhangende van omstandighede, optrede ens.), bly die Suid-Afrikaanse syfers steeds onaanvaarbaar hoog. Die totale aantal moorde en gepoogde moorde van 2020 tot 2022 (drie jaar) was 154 896, en die getal moorde tydens 2022 alleen 24 216 (Swanepoel 2024:2; CRA 2024).³

Hoewel gewone misdaad ernstig is, is aanvullend hiertoe die hoë vlakke van georganiseerde misdaad in Suid-Afrika (soos uitgewys deur die reeds genoemde GI-TOC Crime Index, wat uiters problematies is. Hiervolgens bevind Suid-Afrika hom ook sewende in die wêreld (net onder Nigerië en die DRK), wat as uiters kommerwekkend beskryf kan word.⁴ 'n Spesifiek onderskeidende kenmerk van misdaadstate, naamlik 'n verhouding tussen georganiseerde misdaad en die politieke regime (regering, staats- en semistaatsinstellings, politieke leiers asook staatsamptenare), is boonop deur onder meer die Zondo-kommissie van Ondersoek⁵ asook talle ander kommissies van ondersoek uitgewys. Die omvang van geïnstitutionaliseerde korrupsie het binne die Suid-Afrikaanse konteks as *staatskaping* bekend geraak.

In 'n internasionale politieke omgewing waar sommige state hul magsbasisse ten koste van ander rolspelers verloor (sommige met 'n misdaadgrondslag), groot internasionale herposisionering wat tans aan die orde is, asook verswakkende-staat-tendense, skep dit 'n omgewing wat bevorderlik is vir misdadige sindikate en ander georganiseerde misdaad wat oor staatsgrense heen strek. Verder is daar histories bewys dat state waar 'n samehang en/of samewerking tussen misdadige en politieke elite bestaan, geensins uitsonderlik is in 'n wêreld waar misdadigheid

wêreldwyd besig is om te eskaleer nie. Naim (2012:2–6) verwys na “a revolution of crime”, wat talle state wêreldwyd impliseer, onder meer Italië en Japan as klassieke voorbeelde, met meer onlangse voorbeelde Colombia, Bulgarye, Sirië, Montenegro, Venezuela en Transnistria.

Met bogenoemde as kontekstuele bevestiging dat Suid-Afrika wel binne die kategorie van misdaadstate val (vergelyk ook Labuschagne 2023 en Duvenhage 2024:487–513), is hierdie artikel toegespits op navorsing oor die aard en werking van die Suid-Afrikaanse misdaadstaat.⁶ Daar sal in die besonder gelet word op die implikasies van die misdaadstaatkonteks vir die groter politieke bestel in Suid-Afrika in die algemeen, en meer bepaald wat dit vir Suid-Afrika se konstitusionele demokrasie beteken.⁷ ’n Meer uitgebreide en gedetailleerde toepassing van die misdaadstaatsbegrip op Suid-Afrikaanse toestande is derhalwe hier ter sprake. Die misdaadstaatspraktyk in Suid-Afrika sal verder ook aan kritiese beoordeling onderwerp word. Die ondersoek is oorsigtelik en verkennend van aard, nasionaal toegespits en nie internasionaal nie, en gebruik dieselfde sentrale konseptuele raamwerk soos in vorige navorsing gebruik is, waarbinne ’n toepassing op die hedendaagse Suid-Afrikaanse konteks gemaak sal word. Die ondersoek is ’n literatuurstudie, deduktief-verkennend van aard, en sal data en bronne (oorwegend kwalitatief) gebruik as grondslag vir motivering en verifiëring van standpunte en argumente.

Ten einde bogenoemde doelstelling te bereik, moet die volgende uitgeklaar word:

- ’n konseptualisering van die begrip *staat* (kriteria; kenmerke; funksies ens.)
- onderskeidende kenmerke van misdaadstate
- die Suid-Afrikaanse staatkundige bestel
- Suid-Afrika as ’n misdaadstaat
- enkele binnewerkinge van die Suid-Afrikaanse misdaadstaat
- gevolgtrekkings en evaluerende perspektiewe.

2. Die staat: ’n konseptualisering en operasionalisering

Die politieke omgewing, onderskei van ander omgewings (ekonomies, maatskaplik, geografies, tegnologies, ens.), plaas die primêre fokus op mag, die institusionalisering hiervan en die wyses waarop mag binne samelewingsverbande aangewend en toegepas word. MacIver (1966:4–5) wys daarop dat “the state exists within society, but is not even a form of society”. Histories het die staat verskeie vorme aangeneem, waaronder stadstate, kerkstate (die Middeleeuse nomokrasie), groot ryke (waaronder die Romeinse Imperium en andere). Sedert veral 1648 (met die Vrede van Wesfale) het die *staat* as dominante struktuur na vore getree, waarin politieke magstruktureel gesetel en uitgeoefen is (Du Plessis 1941; Duvenhage 1998:1–35). Generies het al bogenoemde vorme van *staat* dit gemeen dat hulle mag op bepaalde wyses geïnstusionaliseer word en dat waardes en skaars middele daarvolgens gesaghebbend toegewys word. Politiek beteken hiervolgens die vermoë om steun te organiseer en te mobiliseer binne ’n bepaalde samelewingsverband (of onderdeel daarvan), met as doel die verkryging en/of konsolidasie van ’n magsbasis (institusioneel gefundeer) waardeur bindende besluite (toedeling van waardes en skaars middele) met betrekking tot die samelewing of dele van die samelewing kan plaasvind, en wat mededingende of vyandige magsbasisse vreedzaam of nievreedzaam kan inhibeer (en selfs verhoed) om hul besluite of waardes op die samelewing of dele van die samelewing af te dwing.⁸

Sedert 1648 het die *staat*-begrip geleidelik wêreldwyd inslag begin vind, met die postkoloniale omgewing na 1945 wat grootliks uit *state* bestaan het, met die veronderstelde monopolie oor die staatsmag (Heywood 2002:121–2).⁹ ’n Oorheersende beskouing oor die staat binne die literatuur is die Weberiaanse beskouing (1964:154, 156), ’n magstaatsbeskouing waarvolgens die staat voorgehou word as

an organization composed of numerous agencies led and coordinated by the state’s leadership (executive authority) that has the ability to make binding rules for all the people as well as the parameters of rulemaking for other social organizations in a given territory, using force if necessary to have its way.¹⁰

Die kernkenmerke van ’n staat het ingesluit ’n vaste geografiese territorium; ’n burgerskap met regte, vryhede en verpligtinge wat verskil van een bestel tot die ander; ’n permanente owerheid (regime waarvan die regering ’n onderdeel vorm) wat bindende en afdwingbare besluite kan neem en implementeer, en ook as instelling op soewereiniteit kan aanspraak maak (Heywood 2002:85–88).

Die inkleding van ’n staatkundige bestel (hoe die politieke orde ingerig word oftewel die inrigting van die “regime” of politieke stelsel) kan nietemin fundamenteel van bedeling tot bedeling verskil, en breedweg kan daar onderskei word tussen *demokratiese* en *niedemokratiese bedelings* – beide met verskeie sub- of onderskeidende kategorieë.¹¹ Met konstitusionele demokrasie as normatiewe uitgangspunt tot hierdie ondersoek word sake soos *beperkte regering*, *skeiding van staatsmagte*, *verantwoordelike en aanspreeklike regering*, *die oppergesag van die reg*, *konstitusionalisme*, *erkenning van burgerregte en -vryhede*, en gereelde en vrye *verkiesings* as belangrike en rigtinggewende kenmerke (ook normatiewe kriteria) uitgesonder. (Kyk Stern 1984 se kenmerke soos geassosieer met *regstate* in hierdie verband.) Dit is belangrik om reeds hier te vermeld dat bogenoemde kenmerke van *regstate* baie duidelik in die Suid-Afrikaanse Grondwet van 1996 vervat word.

Vir die doel van hierdie ondersoek word die normatiewe grondslag bepaal deur ’n verbintenis tot reg en ’n regverdige samelewing; die bestaan van ’n regeerkundige oorsigfunksie, ondersteun deur ’n oppermagtige grondwet met afdwingbare bevoegdheid; geen landswet wat die oppermagtigheid van die grondwet in enige opsig aantast nie en ’n verbintenis tot die uitbouing van sodanige raamwerk; en ’n burgerskap wat die oppermag van die grondwet asook die afdwingbaarheid daarvan erken (Malan 2019:7–17). In wese moet die staat ’n openbare regsorde in algemene belang in stand hou, toegespits op die bevordering van die “common good”.

In samehang met bogenoemde normatiewe regstaatlikheid is die beklemtoning van sake soos effektiwiteit, funksionaliteit en norme wat hieruit voortspruit (soos doelgedreweheid, volhoubaarheid, dienslewering ens.) ten minste net so belangrik as eersgenoemde. Huntington (1968:1–8) het destyds reeds verklaar dat “degree of government” (verwysend na funksionele regering) selfs belangriker is as “form of government” (demokraties versus niedemokraties) en daarom meer diepliggende toeligting verdien.

Die totstandkoming van *state* tydens die 19de eeu en vroeër in veral Wes-Europa het gegroei uit nasionale identiteite as grondslag teen die agtergrond van groot oorloë wat oor eeue heen in Wes-Europa geveg is. Effektiwiteit, funksionaliteit en wat hiermee saamgaan, het via die militêre omgewing telkens ’n rol gespeel in die totstandkoming van *state* in veral Wes-Europa. Tydens die 20ste eeu, soos vroeër aangedui, het die getal *state* dramaties vermeerder – ’n proses

wat tot vandag steeds voortduur. Historiese prosesse, waaronder koloniserings- en later dekoloniserings-, het 'n rol gespeel in die totstandkoming van “nuwe state”. Nuwe state het meestal in die afwesigheid van daardie faktore/determinante vir staatsvorming soos wat dit histories binne 'n Wes-Europese konteks bestaan het, beslag gekry. Die resultaat was mislukte *state* of wat soms as “failed states” beskryf is en wat in 'n funksionele opsig geensins voldoen aan die Weberiaanse beskouing van *staat* soos vroeër aangedui nie.¹² In teenstelling met Weberiaanse *sterk state* het *verswakkende state* die volgende kenmerke:

- gebrekkige outonomie ten opsigte van die staatsterritorium met selfs 'n gebroke soewereiniteit in die uiterste vorm
- mededingende en/of konflikterende akteurs wat die regime / politieke stelsel opponeer buite die norme soos deur die staat gestel
- 'n wanfunksionele regime met 'n beperkte vermoë (selfs onvermoë) betreffende die beveiliging van grense; die handhawing van orde, stabiliteit en sekuriteit, asook ten opsigte van die verskaffing van noodsaaklike dienste
- 'n beperkte vermoë (selfs 'n onvermoë) om 'n raamwerk vir ontwikkeling daar te stel en volhoubaar te implementeer in die algemene belang van die burgers
- die nienakoming van goeie regeerkundige praktyke soos afgelei van die normatiewe grondslag, soos vroeër uiteengesit.

(Kyk Zartman 1995; Migdal 1988; Rotberg 2022:85–96; Jackson 1993; Geldenhuys 1999 en Mazrui 1995:28–34.)

Drie kategorieë van staatsverswakking kan geïdentifiseer word, te wete *sagte state* (korrupsie en grensbeheer is problematies); *swak state* (die voorgaande, maar verder 'n onvermoë om kernverpligtinge te volvoer); en *mislukte* (“failed”) *state*, wat benewens al bogenoemde omstandighede boonop oor 'n gebroke soewereiniteit beskik (Duvenhage 2024b:491–2). Laasgenoemde impliseer dat 'n vyandige magsbasis beheer geneem het oor 'n gedeelte van die staatsterritorium, soos byvoorbeeld in die DRK en Somalië. Die uiterste vorm van staatsverswakking word soos volg deur Zartman (1995:1) beskryf: “a situation where the structure, authority (legitimate power), law and political power have fallen apart and must be reconstituted in some form old or new; for a period, the state itself, as a legitimate functioning order is gone”.

Hierdie ondersoek neem as uitgangspunt en normatiewe grondslag vir die beoordeling van die staat (en verwante praktyke) die kriteria verbonde aan 'n *konstitusionele staat* (*regstaat*) en aanvullend hiertoe die *funksionerende staat*, ontleen aan die Weberiaanse beskouing van *staat*. Sentraal is die beskouing dat die staat 'n openbare regsorde in algemene belang volhoubaar moet kan handhaaf.

Met bogenoemde as sentrale uitgangspunt word die onderskeidende aard van misdaadstate nou geïdentifiseer voordat die Suid-Afrikaanse toepassing daarvan gemaak sal word.

3. Misdaadstate – ’n konseptualisering

Misdaadstate of state wat met misdaad geassosieer word (of dit ooglopend toelaat) is allermins ’n nuwe verskynsel. Dit kom wêreldwyd voor, hoewel state verskil ten opsigte van die graad hiervan asook die wyses waarop die interaksie tussen politieke en kriminele elites gereguleer en soms geïnstansionaliseer word (Naim 2012; Patrick 2012:1–8; Alfano 2015:1–12; Duvenhage 2024b:487–513). Hierna kan ook as die verhouding tussen misdadigheid (veral aan die kant van misdadige elites) en die staat (politieke elites, inbegrepe funksionariese in die politieke stelsel) verwys word. Verskeie begrippe word in hierdie verband gebruik, waaronder *mafia-state* (Naim; Patrick; Alfano), *pakhanate*¹³ (Duvenhage) en *predatorstate* (Robinson). Patrick (2012:1–8) waarsku egter dat die begrip *mafia-state* die gevaar loop “[to] oversimplify a broad spectrum of criminal-state relationships”. Inderdaad is hierdie verhoudinge gekompliseer en verskil dit van staat tot staat en van omgewing tot omgewing. Die begrip *misdaadstate* is soortgelyk in inhoud aan bogenoemde en word vir die doel van hierdie ondersoek gebruik om na hierdie kategorie van state te verwys.

Misdaadstate en/of state wat met misdadige optrede geassosieer word, is histories oud en gevestig, maar was telkens eiesoortig betreffende dit wat vroeër as “criminal-state relationships” beskryf is. Klassieke voorbeelde van waar georganiseerde misdaad beduidend op die politieke omgewing ingewerk het, sluit in Italië (Mafia-strukture), Japan (Yakuza) en Rusland (Bratva).¹⁴ Ander state wat hedendaags as misdaadstate beskryf kan word, sluit in Venezuela, Sirië (tydens die Assad-dinastie) en Montenegro.¹⁵

In die hedendaagse wêreld is daar verskeie faktore wat bydra tot die groei en ontwikkeling van misdaadstate:

- die *verswakkende staat*-tendens waarna vroeër verwys is wat ruimte laat vir mededingende magsbasse en dikwels wettig of onwettig die nodige suurstof verskaf vir georganiseerde misdaad-strukture
- verswakkende staatstrukture, in besonder die strafregstelsel, met inbegrip van die nasionale vervolgingsgesag, howe, polisie en korrektiewe dienste
- patrimoniale en neopatrimoniale leierskap en organisatoriese strukture wat beslag gee aan moderne neofeodale strukture en wat soms in direkte konflik of samewerking staan met die staatstrukture, ’n toedrag van sake wat ook politieke en ander belange op ’n misdadige grondslag kan bevorder¹⁶
- ’n staatkundige omgewing waarin die onderskeid tussen die staat (meer bepaald die politieke stelsel) en die niestaatlike omgewing (burgerlike samelewing en strukture) nie in onderskeiding erken en/of gehandhaaf word nie. Dit word veral geassosieer met nedemokratiese bedelings en die sentralisasie en konsentrasie van politieke mag
- ’n omgewing van vrye nasionale en internasionale handel wat op liberale en neoliberale uitgangspunte berus, en waar bestaande spelreëls ten opsigte van die internasionale handel deur akteurs misbruik kan word
- ’n gekompliseerde internasionale omgewing met diverse akteurs wat die afdwinging van wet en orde bemoeilik en in sommige omgewings bykans onmoontlik maak. Dit moet saamgelees word met die verswakking van die nasiestaat as die politieke akteur/s wat in alle opsigte polities oorheersend is.

- toegang tot en bekostigbaarheid van gevorderde tegnologie ten opsigte van bankstelsels, private en terreurgeoriënteerde militêre vermoëns; vervoer in die algemeen en hommeltuigtegnologie in die besonder, asook gevorderde kommunikasie tegnologie, waaronder selfone en die internet.¹⁷

Misdadstate word gevolglik geassosieer met samewerking met, of selfs 'n samehang van misdadige en politieke elite binne 'n bepaalde staat of andersoortige verwysing (ook internasionaal of transnasionaal). Sodanige state se strukture is verswak (veral, maar nie uitsluitlik nie, die strafregstelsel). Demokratiese praktyke (soos beperkte en verantwoordbare regering asook die oppergesag van die reg), is afwesig of word, indien wel, selektief toegepas; en die algemene belang van die burgers word versaak ten gunste van die belang van 'n misdadig georiënteerde politieke elite. Die praktyk soos hier aangedui, verskil wesenlik van wat vroeër as die normatief-funksionele grondslag van die ideale staat voorgelê is.

Die praktyk van staatskaping word direk met die konteks van misdadstate geassosieer soos dit hier bo uiteengesit is. *Staatskaping* verwys na 'n sistemiese vorm van politieke korrupsie waarin private belange die besluitnemingsprosesse van die staat manipuleer tot die voordeel van politieke en/of regime-rolspelers enersyds en private belange andersyds (Patterson 2023:1–4; Duane 2017; Duvenhage 2021:713–37 en 2024b:504–9).¹⁸

Mafia-agtige netwerke word polities en institusioneel gevestig, wat soms van die hoogste politieke vlak tot op voetsoolvlak strek met pogings om die strafregstelsel en substelsels (polisie, howe, korrektiewe dienste) te manipuleer ten einde eersgenoemde netwerke nie verantwoordelik en aanspreeklik te hou nie. Patterson (2023:2) verwys na pogings om die “verantwoordbare ekosisteem”, inbegrepe die geregtelike gesag, oorsiginstellings, die burgerlike samelewing en die media te manipuleer. Waar staatskaping aanwesig is, word demokratiese praktyke verontagsaam, funksionaliteit en dienslewering ingeboet en word daar nie in algemene belang gehandel nie. Heel dikwels is dit die arm en gemarginaliseerde groepe wat die meeste onder staatskaping ly (Patterson 2023:3–4).

Uit die voorgaande is dit duidelik dat misdadstate histories gesproke 'n bekende verskynsel is wat oor bepaalde en spesifieke kenmerke beskik, onderskeidend van wat as die algemene norm vir state gestel word, en waarin die samewerking tussen politieke en misdadige elites ('n belangrike onderskeidende kenmerk) meestal ten koste van die algemene belang van die burgers meewerk.

Met bostaande as ontledings- en konseptuele raamwerk en uitgangspunt kan daar nou op die Suid-Afrikaanse konteks gefokus word.

4. Die Suid-Afrikaanse staatkundige bestel

Die Suid-Afrikaanse staat kan as 'n *verswakkende staat* beskryf word soos gemeet aan die kriteria afgelei vanuit die Weberiaanse staatsbeskouing, soos vroeër verduidelik (Greffrath 2015). Eunomix, 'n politieke en ekonomiese-risiko-ontledingsgroep, het vyf jaar gelede voorspel dat Suid-Afrika teen 2030 'n volledig mislukte staat gaan wees indien daar nie 'n drastiese ingryping en koersverandering plaasvind nie.¹⁹ Kenmerke geassosieer met verswakkende state sluit in: beperkte outonomie/soewereiniteit; wanfunksionele regime-eienskappe; 'n onvermoë

om 'n raamwerk vir ontwikkeling en groei daar te stel; en die nienakoming van goeie regeerkundige en bestuurspraktyke. Bogenoemde kom redelik algemeen in Suid-Afrika voor (vergelyk Greffrath 2015; Businessstech 2025:1–4; Eunomix 2020; Duvenhage 2023d:1–32). Verswakkeende regime-eienskappe word weerspieël in onder meer die verval van plaaslike regering en ander sferes van regering; 'n onvermoë om grense te beveilig, soos weerspieël deur die groot aantal onwettige immigrante in Suid-Afrika; die verval van die strafregstelsel en eskalerende misdaad; en die inploffing van semistaatsinstellings soos Eskom, Transnet, die Poskantoor en die Landbank. Algemene politieke en institusionele verval is kenmerkend van die groter staatkundige bestel in Suid-Afrika.²⁰ Dit moet nietemin beklemtoon word dat komponente van die regime, inbegrepe semistaats- en niestaatssektore (die Reserwebank, Tesourie en bankstelsel; die SAID; privaat veiligheidsinstellings en diensleweringse georiënteerde instellings, telkens buite die staat of semi-outonoom) die funksionaliteit en veerkragtigheid van die status quo help verseker. Binne die formele staatsektor is agteruitgang nietemin op talle vlakke te bespeur.

Hoewel grondwetlik demokraties, bevat die groter politieke stelsel (regime) kenmerke wat nie met demokratiese ordes, veral gevestigde demokrasieë, geassosieer kan word nie. Hieronder tel sake soos staatsverswakking (hier bo genoem); eenpartydominansie wat oor drie dekades strek;²¹ 'n oorheersende regering wat regimetendense openbaar; 'n transformatiewe raamwerk wat diskriminerend is (vergelyk IRR 2025b), asook die oorregulering van nie net die politieke omgewing nie, maar ook die ekonomie en burgerlike samelewing. 'n Duidelike sosialisties-sentralistiese tendens is ook waarneembaar binne die raamwerk van transformasie,²² asook eskalerende politieke-staatkundige, ekonomiese en maatskaplike uitdagings.

Ekonomiese uitdagings het te make met gebrekkige ekonomiese groei oor die afgelope dekade en beperkte groeigeleenthede vorentoe; 'n krimpende belastingbasis vir steeds groter maatskaplike en welsynsprojekte, waaronder groeiende maatskaplike toelaes en nasionale gesondheidsversekering soos in die vooruitsig gestel; swartbemagtigingsvereistes afkomstig vanuit die breë transformatiewe ideologie; patrone van deïndustrialisering; radikale en populistiese wetgewing, waaronder die omstrede Bela-wet oor onderwys en wetgewing oor onteiening sonder vergoeding as die bekendste voorbeelde; eskalerende buitelandse skuld; en 'n internasionale omgewing onder die leiding van die VSA en Donald Trump met 'n kritiese ingesteldheid ten opsigte van Suid-Afrikaanse beleid en praktyk.²³

Maatskaplike toestande word gedefinieer deur patrone van politieke en maatskaplike onstabiliteit; een van die grootste gapings tussen ryk en arm ter wêreld; en hoë vlakke van armoede (Duvenhage 2023d:22–3; ICTJ 2022). Sowat 13,8 miljoen mense (uit 'n bevolking van meer as 60 miljoen) leef in armoede. (Die April 2021-maatstaf vir armoede is 'n inkomste van minder as R133 500 per jaar, met bykans 'n derde van die bevolking (sowat 18 miljoen) wat maatskaplike toelaes ontvang – 'n syfer wat sedertdien verder gestyg het (Statista 2022:1–4).²⁴

Met transformasie, en spesifiek swartbemagtigingsbeleide, as politieke grondslag, en kaderontploffing as meganisme, is beheer oor die politieke regime verkry en is ruimte geskep vir tenderpreneurs.²⁵ Sodoende is toegang tot staatsbronne bewerkstellig, wat 'n grondslag daar gestel het vir endemiese korrupsie en uiteindelik staatskaping, waarna vroeër verwys is. Hierdeur is die grondslag gelê vir 'n misdaadstaat wat demokraties ondersteun is deur diegene wat maatskaplike toelaes van die staat ontvang (vroeër na verwys), ook genoem patronaatskappe. Bostaande beskrywing beklemtoon dat die politieke-staatkundige omgewing 'n vrugbare groeibodem daarstel en bevorderlik is vir waarna vroeër as misdaadstate verwys is.

5. Suid-Afrika as 'n misdaadstaat

Met bostaande breë staatkundige kontekstualisering as agtergrond moet die politieke binnewerking van die transformatiewe konteks en die grondslag wat dit stel vir 'n misdaadstaat kortliks verduidelik word.

As politieke ideologie (transformatisme – Malan 2019:112–3), geanker in die Nasionaal Demokratiese Revolusie- (NDR-) idee,²⁶ word verteenwoordigendheid op die grondslag van 'n nasionale rasprofiel deur ingewikkelde en uiteenlopende wetgewing, waaronder swartbemaagtings- en ekwiteitswette op staatlke en niestaatlke omgewings (lees: die burgerlike samelewing, inbegrepe die ekonomie asook sport) afdwingbaar gemaak. Hiervolgens moet politieke, ekonomiese en maatskaplike regstelling plaasvind en is dit ook wetlik afdwingbaar.²⁷ Malan (2019:112) skryf: “[T]he objective of transformationism [...] is to establish a centrally imposed so-called democratic society, which is homogenised and socialist, and is premised on the basis of (black) majoritarian hegemony.” Onder die vlag van die voorhoedeparty (die ANC) word hierdie regstelling beplan en bestuur vanuit Luthuli Huis (die hoofkantoor van die ANC) onder die wakende oog van die adjunkpresident van die organisasie en word kaders (meestal senior en invloedryke ANC-leiers/-verteenwoordigers) in strategiese posisies geplaas binne die groter regime (politieke stelsel) ten einde mag te bekom en beheer oor hulpbronne te verseker. Sodoende word 'n grondslag daargestel vir dit wat vroeër as staatskaping beskryf is. Binne die politieke raamwerk van transformasie word 'n omgewing bewerkstellig waarin 'n samehang of samewerking tussen politieke en misdadige elites bewerkstellig word.

Suid-Afrika as 'n misdaadstaat kan ontleed word deur op die volgende meganismes/kontekste vir samewerking tussen politieke en misdadige elites te konsentreer:

5.1 Die politieke narratief

Met bogenoemde raamwerk as konteks is die uitoefening van beheer deur die voorhoedeparty (die ANC en strategiese bondgenote) en die onaantasbaarheid van die ideologie en beleid (transformasie en beleidsraamwerke wat hieruit voortvloei) noodsaaklik (IRR 2025a:1–4; Duvenhage 2005a:1–40; 2005b:1–19; 2007b; 2021:713–37). Dit word bewerkstellig deur vyande te identifiseer (apartheid, kolonisasie, wit-monopolie-kapitaal, wit diskriminasie, ens.) wat dan gebruik word om beleid en beleidstoepassing te regverdig, asook om diegene en hulle wanoptredes wat moontlik mag opduik te penaliseer. Instellings/state/ideologieë, byvoorbeeld kapitalisme, imperialisme, Israel (Sionisme) en die Trump-administrasie, AfriForum en Solidariteit is voorbeelde van wat in die verlede deur die ANC as vyande/opponente geïdentifiseer is. Die diskreditering van die vyand word gebruik om die makropolitieke narratief (NDR, transformasie, swart ekonomiese bemaagting) te legitimeer en in stand te hou – dikwels 'n rookskerm vir misdaad en die regverdiging daarvoor.

Politieke beheer op alle vlakke word geregverdig en is noodsaaklik, nie net binne die groter regering nie, maar ook ten opsigte van die groter politieke stelsel/regime asook die breë bevolking. Laasgenoemde is belangrik wanneer verkiesings op die onderskeie vlakke van regering ter sprake is, en ook vir doeleindes van massamobilisering om die bewind te beskerm of strategiese beweegruimtes waar nodig te skep. Retoriek (die identifisering van vyande soos genoem) en simboliek, waaronder byvoorbeeld naamsverandering, word binne die raamwerk van die revolusie-ideologie gebruik om steun op verskillende wyses aktief te mobiliseer.²⁸

Die vakbondbeweging, in besonder Cosatu, verseker dat die belange van kaders en lojaliste beskerm word en dat hulle finansiëel vergoed word vir hul diens en lojaliteit aan die voorhoedeparty (die ANC).²⁹ Dit is gevolglik nie verbasend dat Cosatu 'n belangrike instrument is in die mobilisering van politieke steun vir die ANC nie, uiteraard teen 'n prys wat deur die staat gefinansier word in terme van salarisverhogings – dikwels bokant die inflasienorm. Politieke-elite-skepping vind plaas deur kaders suksesvol te ontplooi binne die regering, regime en selfs burgerlikesamelewingsinstellings.

5.2 Kaderontplooing

'n Kader is 'n partyamptenaar/-verteenwoordiger wat namens die voorhoedeparty as 'n rolspeler of toesighouer (kommissaris) waak dat die belang van eersgenoemde en die uitvoering van die ideologie/beleid (meestal radikaal van aard) ooreenkomstig en ooreenstemmend is. Sou daar afwykings bestaan, sal gepaste optredes volg wat wetlik in posisie gestel is en konsekwent toegepas word. Hierdie praktyk word veral geassosieer met kommunistiese state waar die Kommunistiese Party beheer neem van die werking van die regime en die groter staatsorde, en word verbind met state soos die ou Sowjetunie, China, Roemenië en ander voormalige Oosblokstate (Duvenhage 2005a:1–40; 2005b:1–19; 2007b:19–41).

In Suid-Afrika beteken dit dat die ANC (Luthuli Huis) partyverteenwoordigers ontplooi om seker te maak dat die NDR (en die ideologie van transformasie) en wat daaruit voortvloei, konsekwent en sistematies binne en buite die raamwerk van die staat toegepas word (IRR 2025a:2). Transformasie beteken hiervolgens “[the] seizing [of] all the ‘levers of power’ in the country” en impliseer drie fases, naamlik die oornam van die regime (politiek), die gelyke verdeling van produksiefaktore (grond, kapitaal, arbeid en onderneming), en die daarstelling van 'n gelyke samelewing in sosialistiese terme.³⁰

Schreiber (2025:1–3) beklemtoon, in aansluiting by die bevindinge van die Zondo-kommissie van Ondersoek na staatskaping, die direkte verband tussen kaderontplooing, korrupsie en staatskaping, en verwys na “the ANC’s National Democratic Revolution and its ideological obsession with capturing and subverting every level of power in our society”, en verder: “[T]hat cadres were paying protection money in exchange for employment as part of a global racketeering operation [...] confirms that the ANC is little more than a giant criminal syndicate.”³¹ Die beskermingsgelde word per debietorder gehef en aan die ANC betaal en bedra volgens Schreiber (2025:2) sowat R2 800 per maand.³² Die bedrae kon moontlik wissel van situasie tot situasie (individue tot individue), maar die praktyk was en is gevestig binne die raamwerk van die ANC as party in regering.

5.3 Maatskaplike toelaes

Na die omvang van armoede en die toekenning van maatskaplike toelaes is reeds verwys. Belangrik om te vermeld is dat alle toelaes, insluitend die Covid-toelaes, 28,7 miljoen uit 'n totaal van 64 miljoen (44%) van die bevolking impliseer; dat dit die staatskas in die belastingjaar 2024/5 R387 miljard gekos het (maatskaplike ontwikkeling); en dat die begroting vir maatskaplike toelaes en welsynsprogramme oor die volgende drie jaar op R1,17 triljoen bereken word (Libera 2024:1–4). In bogenoemde (ondanks die finansiële uitdagings as gevolg van beperkte groei en 'n klein belastingbasis – 12%, of 7,4 miljoen belastingbetalers) het die regering 'n magtige instrument wat deur politici en burokrate (veral kaders) gebruik en misbruik kan word. Politieke steun word sodoende in die algemeen gemobiliseer en die lojaliteit van die bevolking as 't ware gekoop om politieke ondersteuning tydens verkiesings te verseker.

Ten opsigte van die bestuur van die maatskaplike toelaes en verwante sake is die South African Social Security Agency (Sassa)³³ in die lewe geroep. Hierdie instelling is verantwoordelik vir die uitbetaling van diverse toelaes aan ontvangers soos wetlik bepaal. Met die strategiese ontplooiing van kaders binne Sassa is bereken dat die instelling sedert 2023 met R50 miljoen se korrupsie-aanklagte verbind word, 700 sake wat aangemeld is en 40 Sassa-amptenare wat geïmpliseer word (Masongo 2024:1). Foley en Swilling (2018:1) identifiseer Sassa (saam met ander staats- en openbare instellings) as 'n voorbeeld van “repurposing the state institutions [that] referred to the organized process of reconfiguring the way a given state institution is structured, governed, managed and funded so that it serves a purpose different to its formal mandate”. So vorm hierdie instelling (soos talle ander instellings) deel van 'n *skadustaat* wat parallel naas bestaande instellings funksioneer met as doel die bevordering van ANC-partybelange en die finansiële bevoorregting van 'n politieke elite van kaders deur middel van die beheer oor politieke mag op alle vlakke of ten minste sover as wat dit moontlik is.³⁴

5.4 Doelbewuste verswakking van instellings

Nie net weerspieël Suid-Afrika kenmerke van 'n verswakkende staat nie, maar daar is boonop doelbewuste pogings om instellings sodanig te verswak dat hulle wanfunksioneel raak, waardeur die belange van misdadige elemente, kaders en lojaliste in die proses beskerm word. Spesifiek is die samewerking tussen politieke en misdadige elites hier ter sprake wat mekaar se belange in vele opsigte en binne verskeie kontekste binne die groter regime dien. Hieronder tel semistaatsinstellings soos Eskom, die Poskantoor, die Tesourie, Bosasa (later African Global Operations), Passenger Rail Agency of South Africa (Prasa), die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, die Staatsveiligheidsagentskap, Misdaadinligting, Transnet, onderwys, gesondheid en plaaslike regering betreffende korrupsie, nepotisme (kaderontplooiing) binne die transformatiewe raamwerk as belangrike meganismes in hierdie verband.³⁵ So ekstrem was hierdie tendens dat daarna as staatskaping en -verrotting verwys kan word, soos vroeër aangedui en gekonseptualiseer (Duvenhage 2024b:504–6).

Die beste voorbeeld, ook van 'n baie strategiese aard binne die konteks van 'n misdaadstaat, is die kaping van die strafregstelsel en wat daaruit voortvloei. Hierdie aspek verdien nadere toeligting. Funksionele probleme ten opsigte van die strafregstelsel is welbekend, histories van aard, en sluit in ontoereikende polisie reaksie en ondersoek, hofagterstande en -verdragings, inkonsekwente vonnisoplegging, die hoë koste van regsverteenvoording, polisievergrype en -korrupsie, ontoereikende rehabilitasiefasiliteite in tronke, en geslagsgebaseerde misdaad.³⁶ Die verswakkende strafregstelsel hang ten nouste saam met 'n eskalاسie van misdaad en word soos volg deur Curlewis (2022) beskryf: “Over the last 10 years or more the NPA has become better known for its failure to successfully prosecute than for doing its core job, particularly regarding high-profile cases of corruption involving corporations, state officials and politicians.”

Politici en senior ampsdraers in die regime maak suksesvol gebruik van die sogenaamde Stalingrad-strategie³⁷ wat aktief gebruik word om regsprosesse te ondermyn en te ondergrawe. Die 2021-geweld in KZN ten tye van die inhegtenisname van Jacob Zuma is 'n ekstreme voorbeeld in hierdie verband.³⁸ Soos talle ander senior ANC-lede het Zuma ná dekades nog nie sy “dag in die hof” gekry nie.

5.5 Kommissies van ondersoek

Binne die breë raamwerk en verwysing van die misdaadstaat soos hier geskets (met as implikasie samewerking tussen die politieke en misdadige elite binne die staat), speel kommissies van ondersoek 'n baie belangrike rol. Wanneer 'n krisis of ongerymdheid na vore tree, word dit telkens verwys na 'n "kommissie van ondersoek" wat aangestel word deur politieke hoofde met as doel: die koop van tyd om die aandag van die saak weg te lei; die verwydering of manipulasie van getuienis; die ondermyning van die strafregstelsel indien nodig en die seker maak dat skuldiges die lang arm van die gereg telkens ontduik. Of daar word selektief en gekwalifiseerd opgetree. Dit was die patroon sedert die bekende wapenskandaal, het sedert die fase van staatskaping vererger, en is onlangs weer herbevestig met die uitsprake van luitenant-generaal Mkhwanazi ten opsigte van korrupsie, misdaad en regsverdeling binne die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) op die hoogste vlak.

Voorbeelde in hierdie verband word kortliks vermeld.

– **Die wapenskandaal:** Tydens 1998 het die kabinet R30 miljard bewillig vir die opgradering van die lugmag en vloot deur die Strategic Arms Package. Groot skaalse korrupsie en wanpraktyke is blootgelê deur die Patricia de Lille-dossier, met senior politici en ander geïmpliseer, onder wie Tony Yengeni, Schabir Shaik, Joe Modise, Thabo Mbeki en Jacob Zuma (Anon. 2003; Duvenhage 2024b:503–4). Sylvester en Seegers (2006:52) verwys hierna as die grootste openbare kontroversie sedert die ANC in 1994 die bewind oorgeneem het. Teen die agtergrond van toenemende kritiek is die Seriti-kommissie van Ondersoek van stapel gestuur. Die kommissie het egter nie momentum gekry nie en 'n petisie na die Konstitusionele Hof het president Zuma gedwing om die kommissie te heraktiveer (Mail & Guardian 2008). Die mandaat van die kommissie was gesetel in die geldigheid van die aanvanklike motivering vir die aankoop van wapentuig; of dit wel aangekoop en behoorlik aangewend is; of die beloofde werksgeleentheid wel gerealiseer het; of daar misbruik van politieke mag aan die orde was; en of bepaalde kontrakte opgeskort/gekanselleer moet word teen die agtergrond van korrupsie en wanpraktyke (South African History Online 2024:1–2). Die kommissie was uiters omstrede³⁹ en tandoos en het as uitkoms gehad dat niemand verantwoordbaar en/of aanspreeklik was vir die aantygings nie, en dat daar geen onbehoorlike politieke inmenging, beïnvloeding, korrupsie of onregmatige bevoordeling ter sprake was nie (Seriti 2015; South African History Online 2024). Die beskuldiging van dubbele politieke agendas het egter telkens na vore gekom (Hlongwane 2013).

Sterk reaksie op die uitspraak het uit verskeie oorde, waaronder Corruption Watch en Right2Know, gekom. 'n Bevinding van die Gautengse afdeling van die Hooggeregshof onder leiding van regter Dunstan Mlambo het desnieteenstaande alle bevindinge van die Seriti-kommissie ter syde gestel. Meer as 'n dekade later en met R140 miljoen bestee, is nie een van die groter rolspelers tot verantwoording geroep nie (Duvenhage 2024b:503–4).⁴⁰ Die wapenskandaal het die weg voorberei vir die baie bekende Zondo-kommissie van Ondersoek na staatskaping.

– **Zondo-kommissie:**⁴¹ Op aanbeveling van die destydse openbare beskermer, Thuli Madonsela, is 'n ondersoek na staatskaping (sistemiese en endemiese korrupsie binne staat- en semi-staatsinstellings) tydens 2018 gelas. Die fokus was "[to] investigate matters of public and national interest concerning allegations of state capture, corruption and fraud" (PARI 2022:1). Uitgebreide korrupsie en wanpraktyke is ontbloot ten opsigte van talle instellings, waaronder

Transnet, Eskom, Denel, SSA, SAPD, NVG, Bosasa, Prasa, die SAID, sekere metropole, provinsiale en plaaslike regerings (Zondo Commission 2022). Die kommissie het die prys van staatskaping op R58 miljard gestel (PARI 2022:5–6), maar ander bronne, waaronder *Daily Maverick*, het die bedrag op so hoog as tussen R500 miljard en R1,5 triljoen bereken. Merten (2019) stel dit dat staatskaping een derde van Suid-Afrika se R4,9 triljoen bruto binnelandse produk vir die betrokke jaar vernietig het.

Die modus operandi van staatskaping kan soos volg beskryf word:

State capture in the South African context evolved as a project by which a relatively small group of actors, together with their networks of collaborators inside and outside of the state, conspired systematically (criminally and in defiance of the constitution) to redirect sources from the state for their own gain. (PARI:2022:3)

Talle senior politici, onder wie Dudu Myeni, Brian Molefe, Salim Essa, Eric Wood, Anoj Singh, Siyabonga Gama, Matshela Koko, Arthur Fraser, Lucky Montana, Jacob Zuma en Duduzane Zuma, is geïmpliseer (PARI 2022:6; Duvenhage 2024b:505–6).

Bevindinge van die kommissie het ingesluit uitgebreide en sistemiese korrupsie en nepotisme binne talle instellings; die doelbewuste verswakking van staatsinstellings, in besonder die strafregstelsel en sy komponente; die ondermyning van demokratiese prosesse en oorsigfunksies; en hoe kaderontplooiing ’n rol gespeel het ten opsigte van staatskaping.

Die breë politieke narratief soos vroeër beskryf was duidelik onderliggend aan die patroon van endemiese en sistemiese korrupsie, soos vroeër aangedui. Regter Zondo het baie onlangs (Julie 2025) ernstige kommer uitgespreek oor die nie-implementering van die bevindinge van die Zondo-kommissie. Zondo stel dit onder meer ten opsigte van individue wat aanklagte van korrupsie teen hulle het, maar desondanks aangestel/bevorder word, dat: “It was like the president was saying, ‘I don’t care what you have found about these people. I think they are good enough to be promoted’” (Fraser 2025:2).⁴² Zondo het ook onlangs ernstige besware gehad teen ministers wat deur die kommissie aangedui is as betrokke by misdaad en tog nog senior poste (waaronder kabinetsposte) ontvang het (SABC 2025:1). Wat duidelik is, is dat ondanks beloftes van Ramaphosa, weinig indien enige optrede (die implementering van kommissiebevindinge) teen staatskaping tot dusver plaasgevind het. Geen kommissie van ondersoek het op ’n duideliker wyse die grondslag van ’n misdaadstaat sterker en duideliker blootgelê as juis die Zondo-kommissie nie. ’n Verdere voorbeeld in hierdie verband was die werksaamhede van die Moerane-kommissie van ondersoek na sluipmoorde in KZN.

– **Politieke sluipmoorde en die Moerane-kommissie:** Sluipmoorde is welbekend sedert die totstandkoming van die nuwe bedeling in 1994. Bruce (2013) het bevind dat tussen 1994 en 2013 sowat 450 sluipmoorde in KZN alleen gepleeg is. In samehang hiermee verwys Shaw en Thomas (2016) na sowat 1 000 sluipmoorde (of gepoogde sluipmoorde) tussen 2000 en 2015. Suttner (2013:1–2) konstateer dat “assassinations have become a regularized way of deciding on leadership and access to wealth within the ANC and its allies.” Teikens in hierdie verband het ingesluit politici, raadslede, personeel met besluitnemingsmagte – veral oor die toekenning van tenders, asook fluitjieblasers. Dit blyk dat die tendens ook aan die toeneem is, met 54 raadslede en 104 munisipale amptenare wat tussen 2000 en 2023 op hierdie wyse gesterf het (Mwareya 2023:1–3). Dit blyk verder dat in die aanloop tot verkiesings die getal sluipmoorde ook toegeneem het. Matlala (2025:1) verwys nie verniet na plaaslike regering as Suid-Afrika se “killing fields” nie.

'n Verslag van die GI-TOC (2021) het verwys na die kommersialisering van politieke sluipmoorde en dat die betaling vir 'n sluipmoord kan wissel van R2 600 tot R156 000, afhangende van wie die teiken is (vergelyk ook Mwareya 2023:3–4). Redes vir sluipmoorde sluit in faksiegevegte binne partye (veral die ANC); toekenning van tenders; fluitjieblasers teen korrupsie; en finansiële voordeel in die een of ander opsig (Duvenhage 2024b:507–9).

Met stygende tendense ten opsigte van sluipmoorde in KZN is die Moerane-kommissie van Ondersoek van stapel gestuur wat tydens September 2018 'n 423-bladsy-verslag aan die KZN-wetgewer en premier Willies Mchunu voorgelê (Polity 2018:1–6). Van die bevindinge was dat mededinging/konflik tussen politieke partye 'n belangrike faktor was, asook die uitbuiting van die tenderstelsel. Daar is onder meer voorgestel dat partye selfbeheersing aan die dag moet lê, kaderontplooiing en die verpolitiserings van die provinsiale administrasie moet beperk, dat daar beter bestuur moet wees, en dat die polisie 'n meer onafhanklike rol moet speel. Swak leierskap speel ook volgens die verslag 'n belangrike rol in die uitvoering van sluipmoorde (Polity 2018:1–6).

'n Belangrike bevinding van die kommissie was dat “the recruitment of criminal elements by politicians to achieve political ends, resulting in a complex matrix of criminal and political association, inevitably contributes to political murders” (Singh 2018:4). Hierdie bevinding beklemtoon dit wat in die kern van 'n misdaadstaat gevind word, naamlik die samehang/samewerking tussen politieke en misdadige elites binne 'n omgewing van 'n verswakkende staat, meestal met 'n wanfunksionele strafregstelsel.

Ondanks beloftes van die implementering van die voorstelle van die verslag het weinig daarvan tereg gekom en het die syfers getoon dat die situasie eerder versleg as verbeter het. 'n Verslag van die Openbare Dienskommissie het tydens 2024 verder ook bevind dat 45% van munisipale amptenare met geweld gedreig word wanneer dissiplinêre optrede teen skuldiges oorweeg en/of uitgevoer word (Matlala 2025:2). Dit was die onlangse aankondiging van luitenant-generaal Mkhwanazi wat laasgenoemde gevolgtrekking bo alle twyfel bevestig het en die werklikheid van Suid-Afrika as 'n misdaadstaat opnuut beklemtoon het.

– **Mkhwanazi-aankondiging en kommissies van ondersoek:** Tydens 'n “niegemagtigde” persverklaring op 6 Julie 2025 het generaal Mkhwanazi ('n bevelvoerder van die SAPD in KZN) aangedui dat 'n dwelmkartel vanuit Gauteng 'n hoëvlakmisdadige sindikaat beheer met invloed in die SAPD (in besonder Misdaadinligting), die ministerie van polisie, parlement, Korrektiewe Dienste, die regbank asook die NVG. Hierdie misdaadsindikaat het bogenoemde instellings geïnfiltreer en beïnvloed politieke en administratiewe optredes en handeling op talle wyses. Dit is ook beklemtoon dat senior amptenare in die SAPD (verwysend na onder meer luitenant-generaal Shadrack Sibiyi en die minister van polisie, Senzo Mchunu) ondersoek na georganiseerde misdaad en sluipmoorde saboteer en/of ondermyn (O'Regan 2025a:1–5; 2025b). Spesifiek is daar verwys na die taakspan wat politieke sluipmoorde ondersoek, die suksesrekord van die sogenaamde Political Killings Task Team, en die verwydering/verplasing van dossiere met bepaalde risiko's vir individue verbind aan hierdie geïdentifiseerde politieke-misdadige elite (Politicsweb 2025:1–6; SA Government News Agency 2025:1–7).⁴³

In teenstelling met die tradisionele benadering van die President (langsaam en tydsaam) het Ramaphosa met spoed vir Senzo Mchunu op verpligte verlof geplaas, 'n nuwe minister van polisie, Firoz Cachalia, aangewys, en 'n Komitee van Ondersoek onder leiding van regter

Madlanga aangestel om die aantygings te ondersoek. Die ondersoek sou toegespits wees op “the infiltration of law enforcement, intelligence and associated institutions within the criminal justice system by criminal syndicates” (Balthazar 2025; O’Regan 2025a:1). Instellings wat in hierdie ondersoek geteiken word, sluit in die SAPD, die Johannesburg-, Ekurhuleni- en Tshwane Metropoliese, die NVG, die SSA, lede van die regbank, Korrektiewe Dienste en ander instellings binne die groter strafregstelsel indien van toepassing (O’Regan 2025b:1–5). Die rol van tenderpreneurs en hul verhoudinge met politieke en ander rolspelers is uitgewys in wat voorkom as fundamentele en diepliggende korrupsie binne die konteks van staatskaping (Rall 2025b:1–12).

Parallel met die Madlanga-kommissie van Ondersoek het die parlementêre komitees (geïnisieer vanuit portefeuljekomitees vir polisie, justisie en konstitusionele sake) ingevolge hul oorsigrol en funksie ten opsigte van die uitvoerende gesag hul eie komitee van 18 lede (van agt partye) saamgestel (O’Regan 2025b:1–7). Onder voorsitterskap van ANC-lid Soviet Lekganyane sou hulle ’n eie onafhanklike ondersoek na die uitsprake van Mkhwanazi begin. ’n Tydraamwerk van drie maande is in die vooruitsig gestel vir verslagdoening.

Die uitsprake van Mkhwanazi, ’n gerespekteerde senior offisier in die SAPD, kan nie gering geag word nie. Met die werksaamhede van die kommissies van ondersoek tans aan die gang sal uitspraak in hierdie verband voorbehou word. Tog volg dit die identiese patroon soos aangetref by vorige kommissies van ondersoek.⁴⁴ Bogenoemde is weer eens ’n bewys van die omvang van staatskaping soos deur die Zondo-kommissie aangedui en bevind is; die hoë vlakke van georganiseerde misdaad in Suid-Afrika; asook die samewerking en samehang tussen politieke en misdadige elites. Dit beklemtoon die bestaan van dít wat vroeër as ’n misdaadstaat binne ’n Suid-Afrikaanse konteks gekonseptualiseer is.

Om hierdie perspektief verder te motiveer word ten slotte enkele binnewerkinge van dít wat voorgehou kan word as die Suid-Afrikaanse misdaadstaat, beskou.

6. Enkele binnewerkinge van die Suid-Afrikaanse misdaadstaat

Sedert 1994 kan histories ’n groot aantal insidente, praktyke en vorme van korrupsie, skandale, misdaad en georganiseerde misdaad geïdentifiseer word wat plaasgevind het onder die oog van ANC-leierskap enersyds en andersyds ’n veronderstelde onafhanklike regbank en ’n nie-funksionerende strafregstelsel. Telkens is ANC-leiers en -lede, kaders of tenderpreneurs (met regimebande) hier geïmpliseer in verskillende vorme van wanoptrede. (Vergelyk die politieke narratief wat vroeër gerekonstrueer is en werkswyses wat gevolg is om moontlike skuldiges van aanklagte en vervolging te vrywaar.) Weinige skuldigbevindings het egter plaasgevind, met slegs uitsonderlike gevalle wat voor die hof geding het.⁴⁵ Omstrede sake en insidente waarmee die ANC direk geassosieer word, het ingesluit *Sarafina 2* in 1996, die Motheobehuisingskandaal (1997), die wapenskandaal (1999–2019), Oilgate (2005), Travelgate (2006), Bosasa (2006–2019), Jackie Selebi en Glen Agliotti (2007-korrupsie), Nkandla (2009–2019), Guptagate (2010–2019), Transnet (2012–2019); die SAID (2014–2019); Prasa (2015), Oilgate 2 (2016), VBS Bank (2018), staatskaping (2018), en Phala Phala (2022).⁴⁶ In 2021 het die Spesiale Misdaadeenheid van die Valke aangekondig dat twee gevalle van beweerde diefstal ter waarde van R41 kwadriljoen (R41 000 000 000 000) ondersoek word (BusinessTech 2021:1–4). Weinig het tot dusver van die ondersoek gekom.

Die belangrike gemene deler tussen die meeste van hierdie sake/insidente/episodes was die rol van die ANC (in besonder die ANC-elite), wat verdere toeligting verdien.

6.1 Die ANC as 'n misdadige onderneming⁴⁷

'n Misdadige onderneming kan beskryf word as 'n instelling wat op 'n georganiseerde en beplande wyse by onwettige/misdadige bedrywighede betrokke raak met die doel om eie belang (hoe ook al gedefinieer) te bevorder ten koste van die algemene of breë belang van die burgers deur buite die wet te handel. Dit is volledig in stryd met die normatiewe kriteria wat vroeër vir die staat bepaal is. Talle organisasies, burgerregte-groepe en opposisiepartye het in hierdie opsig na die ANC verwys as 'n "misdadige/kriminele organisasie" (Hoffman 2019; Mazzone 2022; Schreiber 2024). Selfs die bevindinge van die Zondo-kommissie het die ANC verantwoordelik gehou vir misdade binne die konteks van staatskaping.

Senior leiers binne die ANC wat aan misdade verbind kan word, het ingesluit Gwede Mantashe, Jacob Zuma, Cedric Frolic, Nomvula Mokonyane, Dudu Myeni, Vincent Smith, Malusi Gigaba en Zizi Kodwa (Schreiber 2024). Schreiber verklaar met verwysing na die bevindinge van die Zondo-kommissie: "But, as the commission's findings make clear, capturing and destroying our state is a team sport. An accused number one is the African National Congress itself." Ander politici wat met misdadigheid en wanoptrede geassosieer word, het ingesluit Ace Magashule, Didi Mabuza, Cyril Ramaphosa (Phala Phala) en selfs Thabo Mbeki en Joe Modise (wapenskandaal). Pogings om Jacob Zuma in 2021 te arresteer op aanklagte wat met Nkandla en staatskaping verband hou, het uitgebreide politieke verset, geweld en plundering veroorsaak in KZN en dele van Gauteng. Hierdie optrede en verset het tot die onmiddellike ontslag van Jacob Zuma gelei – goedgekeur deur president Ramaphosa op mediese gronde.⁴⁸ Die funksionering van die ANC as 'n misdaadorganisasie kan ten beste verduidelik word deur die Chancellor House-episode van nader te beskou.

Chancellor House is in 2003 gestig om as befondsingsarm van die ANC te funksioneer. Kortliks gemeld, moes die instelling as geldbron vir die ANC dien. Deur die aankoop van aandele en/of oornam van maatskappye, bv. Hitachi (Japan) en Pfister (Switserland), is invloed oor / beheer van maatskappye bekom aan wie staatstenders dan toegeken is – uiteraard met finansiële voordele vir die ANC as organisasie en sy leierskap. Sodoende het staatsgelde hul weg direk na ANC-koffers asook die politieke elite gevind (Catingssa 2008:1–9; De Wet en Mataboge 2015:1–3).

Die onthulling van die bestaan van Chancellor House (Mail & Guardian 2006) het skokgolwe deur die politieke landskap gestuur. Chancellor House was nie net nasionaal (binne Suid-Afrika) in bedryf nie, maar ook internasionaal (Jalobe 2010:201–17; Donnelly 2014:1–5; De Wet en Mataboge 2015:1–3). In April 2008 is 'n Wêreldbank-lening van \$3,75 miljard aan Suid-Afrika goedgekeur, met as doel die stabilisering van elektrisiteitsvoorsiening, inbegrepe die bou van die Medupi- en Kusile-kragentrales. Met Chancellor House in posisie is kontrakte aan maatskappye gegee (onder meer die R20 miljard-Hitachi-transaksie vir die aankoop van stoomketels vir Eskom), gunsone vir die ANC en ANC-leierskap, asook kontrakte vir swartbemaagtigingsinstellings (Jalobe 2010:201–17; De Wet en Mataboge 2015:1–3; Donnelly 2014:1–5). Nie net is die bane van die breë politieke narratief soos vroeër geïdentifiseer gevolg nie, maar die onderskeid tussen 'n politieke en misdadige elite was moeilik te vind. Dus was die samehang/samewerking tussen 'n politieke elite en 'n misdadige elite 'n belangrike onderskeidende kenmerk van 'n misdaadstaat duidelik hier teenwoordig.

Beskuldigings van korrupsie en wanpraktyke is heftig deur die ANC (by monde van hul tesourier-generaal Zweli Mkhize⁴⁹) ontken. Hierdie ontkenning is gemaak ten spyte daarvan dat Hitachi tydens 2015 deur die Amerikaanse regstelsel skuldig bevind is aan korrupsie in Suid-Afrika en dat 'n boete van \$519 miljoen se skulderkenning betaal is (De Wet en Mataboge 2015:2–3). Weer eens het die strafregstelsel daarin misluk om daadwerklik te kon of wou optree (of was dit afwesig).

Verdere ondersoeke binne Suid-Afrika ten opsigte van Chancellor House is geblokkeer, of daar was gewoon net nie verder vervolg nie.⁵⁰ Geen stappe het gevolg teen die ANC of diegene wat vir korrupsie of wanpraktyke verantwoordelik was nie.

'n Heel andersoortige voorbeeld wat die binnewerking van Suid-Afrika as 'n mafiastaat beklemtoon, is die *modus operandi* van die sogenaamde konstruksiemafia. Ten slotte word hieraan aandag gegee.

6.2 Die konstruksiemafia

Binne die raamwerk van die breë politieke narratief soos vroeër geskets met aspekte soos 'n polities-kriminele elite ingestel op selfverryking, 'n selektiewe sagte aanslag op misdadigers, 'n verswakkende staat en eskalerende georganiseerde misdaad, inbegrepe 'n verswakkende strafregstelsel, en swart bemagtiging en beleidsraamwerke wat polities uitgebuit kan word, bestaan 'n vrugbare groeibodem vir misdaadsindikate, waaronder die sogenaamde konstruksiemafia.

Corrigan (2024:3–6) beskryf hierdie misdaadinstelling soos volg: “The construction Mafia represents a fusion of the worst impulses in South Africa’s political economy: acquisitive rent-seeking, using political connections, bribing governance institutions and employing violence.” En verder: “It’s unlikely that the construction Mafia would have gained traction had elements of the political elite not provided the implicit or explicit sanction for its demands.”

Wat in KZN as voorbeeld van 'n konstruksiemafia tydens 2015 begin het, het vinnig na ander dele van die land versprei, in besonder Gauteng, die Oos- en Wes-Kaap. Die *modus operandi* van die konstruksiemafia was om hulself as “besigheidsforums” voor te stel, ondersteun deur politici, en om hulself op plaaslike, provinsiale en selfs nasionale vlak polities te organiseer onder die vaandel van radikale ekonomiese transformasie. Op hierdie wyse het The Federation for Radical Economic Transformation, later herdoop na Black Business Federation, tot stand gekom (Corrigan 2024:1–3). Hierdie “besigheidsforums” regverdig hul optredes deurdat hulle sê dat hulle die plaaslike gemeenskap verteenwoordig en voordele (werksgeleenthede en/of geld) vanuit die konstruksieprojekte wil bekom wat dan hul weg na die gemeenskap moet vind.⁵¹ Die wetlike aanspraak van hierdie groepering berus op die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkrygingsbeleid (Preferential Procurement Policy Framework Act, of PPPFA), waarvolgens staatskontrakte voorheen benadeeldes moet bevoordeel ingevolge toekenning van tenders, en dat 'n 30%-kwota gebruik word as maatstaf wat klein, middel- en mikro-maatskappye moet dwing om voorheen benadeeldes te bemagtig deur werk/geld beskikbaar te stel⁵² (vgl. ook Lobola 2025:1–7; Monnye 2023:44–5).

Lobola (2025:1) beskryf die strategie van die konstruksiemafia as “organized groups that have infiltrated the construction industry using intimidation, violence, and extortion to force their way into lucrative projects”. Ingevolge die wetlike aanspraak van 30% plaaslike bemagtiging (volgens bg. wetgewing) word die gemeenskap gemobiliseer wat dan op 'n direkte wyse aanspraak maak op tot 30% van die projekwaarde betreffende voordele soos werksgeleenthede en

soms die eis van direkte betaling. Sou daar nie hieraan gehoor gegee word nie, wend lede van hierdie “besigheidsforums” hulle tot intimidasie, misdaad, eiendomsbeskadiging, afpersing en selfs gewapende geweld (Inclusive Society Institute 2023:1–9; Corrigan 2024:1–6; Lobola 2025:1–7; Monnye 2023:44–5).

In ’n omgewing waar misdaad eskaleer (beide georganiseerde en gewone misdaad) met die strafregstelsel in totale verval en politici wat anderpad kyk, gemotiveer deur finansiële voordeel en/of patronaatskapsteun, het hierdie bedryf vinnig momentum gekry. Nie net het die praktyk vinnig landswyd versprei nie, maar waar dit aanvanklik tot klein besighede beperk was, het dit vinnig versprei om ook groter besighede in te sluit. Syfers toon dat die praktyk in omvang toeneem en dat die strafregstelsel ontoereikend in hierdie verband funksioneer.⁵³

In 2022 het ’n studie van die Wêreldbank, gelei deur Jenni Irish-Qhobosheane, bereken dat 0,7% oftewel R49 miljard van die bruto binnelandse produk van Suid-Afrika aan die “criminal extortion on business” bestee word (Corrigan 2024:1–6). Tydens 2019 is sowat 183 infrastruktuurprojekte ter waarde van R63 miljard deur die konstruksiemafia geaffekteer (Inclusive Society Institute 2023:1). Nie net dui syfers op die groeiende tendens ten opsigte van die optrede van die konstruksiemafia nie, maar beklemtoon dit ook die wanfunksionele aard van die groter strafregstelsel (in besonder die SAPD), die bestaan van politieke konneksies ter ondersteuning van misdadige aktiwiteite, asook die bedryf van misdadigheid onder die vaandel van radikale ekonomiese transformasie.

Met die konstruksiebedryf wat in ekonomiese opsig baie groot en belangrik is (ook en veral ten opsigte van uitgebreide strukturele verval in Suid-Afrika), is die bedryf uiters kwesbaar gelaat deur die optredes van die konstruksiemafia. Verder plaas dit ondernemings ook in konfliktsituasies ten opsigte van kontraktuele verpligtinge wat nagekom moet word rakende die voltooiing van kontraktueel ooreengekome take enersyds en politieke eise gedryf deur misdadige elemente andersyds, met politici wat nie die wil het om op te tree nie. Voeg hierby dat die strafregstelsel boonop meestal wanfunksioneel is en die uitkoms versleg verder. Nie net belemmer hierdie toedrag van sake ekonomiese groei en investering nie, maar verhoed dit beleggings van buite en binne die land en is dit ten koste van die handhawing van ’n openbare regsorde in algemene belang ten opsigte van die burgery wat vroeër as norm beklemtoon is. In die woorde van Lobola (2025:1–2): “By driving up costs, delaying projects, and deterring investment, these criminal groups undermine the potential for growth and development in the country.”

Die konstruksiemafia is nie die enigste voorbeeld van sodanige strukture nie, maar vergelykbare strukture met soortgelyke aktiwiteite sou kon insluit mafia-agtige instellings wat binne Eskom gefunksioneer het, soos deur onder meer De Ruyter (2023) geïdentifiseer;⁵⁴ zama zamas oftewel georganiseerde misdaad op ’n uitgebreide skaal waar onwettige myners (talle is buitelanders wat onwettig in die land is) goud ontgin in uitgediende myne;⁵⁵ die bedrywighede en modus operandi van die Kaapse bendes; die taxibedryf en misdadigheid en geweld in hierdie verband; die optredes van die sogenaamde watermafias, asook onwettige ivoorhandel.⁵⁶ Voorbeelde in hierdie verband kan verder uitgebrei word, maar die genoemdes is voldoende om die doelstelling waarop die navorsing konsentreer, naamlik om Suid-Afrika as ’n mafiastaat te beoordeel, te illustreer.

7. Gevolgtrekkings en evaluerende perspektiewe

Die beoordeling van Suid-Afrika as 'n misdaadstaat geskied met as normatiewe grondslag 'n sterk funksionerende staat, met demokratiese eienskappe (soos vroeër begrond) met 'n politieke bedeling wat 'n openbare regsorde in algemene belang vir alle burgers waarborg. Misdaadstate moet beoordeel word aan die hand van kontekstuele faktore wat misdaad en misdaadpatrone bevorder; insidente/patrone en tendense van misdaad en misdaadstaat-aktiwiteite; staatsverswakking in samehang met staatskaping; die wanfunksionele aard van die strafregstelsel en sy werking; die samehang/samewerking tussen politieke en misdadige elite; en die impak van misdaad op demokratiese praktyke en instellings.

Dit word duidelik beklemtoon en gemotiveer dat die makro-omgewing in Suid-Afrika voor talle uitdagings – polities, ekonomies, maatskaplik en internasionaal – staan. Binne die raamwerk van 'n verswakkende staat eskaleer beide gewone misdaad en georganiseerde misdaad, soos deur syfers (amptelik en nie-amptelik), misdaadindekse en die media beklemtoon word. In 'n omgewing gekenmerk deur reuse maatskaplike uitdagings (gebrekkige dienslewering, die verval van infrastruktuur, hoë werkloosheidsyfers, menseregte-oortredings, wetlike en geïnstitutionaliseerde rassisme, swak gesondheidsdienste, gebrekkige onderrig, en hoë vlakke van ongelykheid), skeep dit 'n omgewing van misdaad wat al hoe meer eskaleer in vorme van georganiseerde misdaad. Hierdie werklikheid kan nie sonder meer van die tafel gevee word nie. Intendeel, syfers dui telkens op 'n verslegting van die misdaadsituasie namate sosio-ekonomiese omstandighede versleg, wat tans ongetwyfeld die geval is.

'n Omgewing van staatkundige en institusionele verval (regimeverval en politieke-elite-korrupsie) binne die raamwerk van verswakkende-staat-tendense en in interaksie met verswakkende sosio-ekonomiese omstandighede skeep die ideale omgewing vir 'n misdaadstaat om te floreer. Sterk georganiseerde misdaad gekombineer met verswakkende-staat-tendense is die goue sleutel vir wat vroeër as 'n misdaadstaat voorgehou is en waarvan die praktyk duidelik in Suid-Afrika aanwesig is.

Dit is belangrik om daarop te wys dat die politieke narratief soos vroeër geskets ('n radikale politieke ideologie; transformasiepraktyke binne die regime; die rol van die ANC as voorhoedeparty; en omvangryke en sistemiese korrupsie tot op die vlak van staatskaping), 'n gunstige omgewing skeep waar die misdaadstaat nie net kan funksioneer nie, maar beskerm en verder uitgebou kan word. Mislukte kommissies van ondersoek (bevindinge is meestal nooit geïmplementeer nie en/of skuldiges voor die hof gedaag nie), politici wat skotvry afgekom het van misdadige optrede of waarvan die optrede nooit behoorlik ondersoek is nie, of lojaliste en kaders wat politieke of regs-“immunitet” ontvang, was prominent oor die laaste dekades van demokrasie.

Die verswakking en wanfunksionaliteit van die strafregstelsel (telkens in politieke samehang met die werking van die veiligheidskluster – Verdediging, Polisie, Intelligensie en Korrektiewe Dienste) is deur die Zondo-kommissie van Onderzoek uitgewys, asook die hantering van die politieke geweld in KZN (ook die rol van Arthur Fraser – direkteur-generaal van Korrektiewe Dienste) om Jacob Zuma se regsvervolgung te verydel en ter syde te stel. Staatskaping binne hierdie omgewing het ook 'n rol gespeel, en speel dit steeds, in die vestiging van 'n misdaadstaat in Suid-Afrika.

Die omvang van misdaadgeoriënteerde aktiwiteite waarin politici direk of indirek geïmpliseer word, wat selde behoorlik ondersoek is, en/of waarvan kommissies van ondersoek op verskillende wyses ondermyn is, was geensins uitsonderlik oor die laaste 30 jaar of meer nie. Intendeel, dit het eerder 'n gevestigde patroon geword waarin die samehang/samewerking tussen politici, regimekaders, tenderpreneurs en misdadigers onafskeidbaar geword het in hul samewerking en wedersydse beskerming. Vandaar die benaming *staatskaping* (die institutionalisering van korrupsie en misdaad) soos onder meer deur die Zondo-kommissie van Ondersoek bevind is en waarvan weinig geïmplementeer is omdat die netwerk talle senior ANC-leiers en kaders direk of indirek impliseer.

Die suksesvolle funksionering van 'n misdaadstaat het verreikende gevolge vir 'n demokratiese stelsel en demokratiese regeerkundige praktyke en die waardestelsel wat dit veronderstel.

'n Navorsingsdokument van die GI-TOC (2022) verwys na “a dark web: a criminal ecosystem” wat “an existential threat to South Africa’s democratic institutions, economy and people”⁵⁷ inhou. Die impak van die politieke narratief op die grondwetlike bedeling is van so 'n aard dat Malan (2019:1–5, 65–91, 93–130) verwys na 'n “konstitusie” wat naas die amptelike Konstitusie van 1996 staan, wat wesenlik ondemokraties en ongrondwetlik funksioneer. Daar kan geen twyfel wees dat die funksionering van 'n misdaadstaat en die aanwesigheid van eienskappe wat met misdaadstate geassosieer word, teen die grondliggende waardes en norme van 'n demokratiese bestel (soos vroeër uitgewys) sal bots nie. Nie net word grondwetlike regering ondermyn nie, maar die gesketste toedrag van sake het verreikende implikasies vir kernaspekte van 'n konstitusionele demokrasie (regstaat). Sake wat hier uitgelig kan word, is die nie-onderskeiding tussen die staatlike omgewing en die niestaatlike oftewel burgerlike samelewing en gepaardgaande vryhede; sentralisasie van mag binne die voorhoedeparty wat beperkte regering ingevolge onder meer die *trias politica* ondermyn; die ondermyning van die suksesvolle toepassing van regeerkundige oorsigfunksie soos geassosieer met 'n demokratiese bedeling; en die ondermyning van burgerlike regte en vryhede as gevolg van praktyke binne die politieke narratief wat sentralisties georiënteerd, diskriminerend en oormatige beheer en kontrole ingevolge sosiale en politieke manipulasie veronderstel.

In die laaste plek voldoen Suid-Afrika nie net aan die kernkriteria soos geassosieer met misdaadstate nie (weliswaar binne 'n eiesoortige konteks), maar is dit ondermynend ten opsigte van 'n normatiewe raamwerk waarbinne die staat (demokraties en funksionierend) 'n openbare regsorde in algemene belang volhoubaar moet kan verseker.

Bibliografie

Let wel: Enkele bronne wat die skrywer geraadpleeg het, is nie meer via die aangegewe skakels op die internet beskikbaar nie, maar die oorspronklike weergawes is wel in sy besit. Die betrokke bronne word telkens met 'n asterisk aangedui.

Africa, S. 2022. South Africa’s deadly July 2021 riots may recur if there is no change. <https://www.moneyweb.co.za/news/south-africa/south-africas-deadly-july-2021-riots-may-recur-if-theres-no-change> (25 April 2025 geraadpleeg).

Alfano, V. 2015. State and Mafia, differences and similarities. *Studia Humana*, 4(1):1–12.

Aljazeera Investigative Unit. 2016. South African minister linked to rhino trafficker. <https://www.aljazeera.com/news/2016/11/13/s-african-minister-mahlobo-linked-to-rhino-trafficker> (9 Februarie 2026 geraadpleeg).

Amnesty International. 1992. South Africa – torture, ill-treatment and executions in African National Congress camps. AI Index 53/27/92.

ANC. 2017a. Strategy and tactics of the ANC as adopted by the 54th National Conference 2017. <http://www.anc1912.org.za/wp-content/uploads/2021/01/Strategy-Tactics-2017.pdf>.

—. 2017b. ANC National Policy Conference: Strategy and tactics of the African National Congress. Discussion document. <https://www.anc1912.org.za/50th-national-conference-strategy-and-tactics-of-the-african-national-congress> (1 November 2024 geraadpleeg)

Andreas, P. en M. Naím. 2012. Measuring the Mafia-state menace: Are government-backed gangs a grave new threat? *Foreign Affairs*, Julie/Augustus. <https://www.foreignaffairs.com/responses/measuring-mafia-state-menace> (6 Februarie 2026 geraadpleeg).

* Anoniem. 2003. Probe Mbeki's role in arms deal – De Lille. *Cape Times*, 3 September. http://www.armsdeal-deal-vpo.co.za/articles04/probe_mbeki.html (21 Desember 2021 geraadpleeg).

Balthazar. 2025. The walls of South Africa's criminal justice system are burning fiercely. *Daily Maverick*, 17 Julie. <https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2025-07-17-the-walls-of-south-africas-criminal-justice-system-are-burning-fiercely> (9 Februarie 2026 geraadpleeg).

Baxter, J. 2020. Latest crime statistics for South Africa – increases in murder rate. *SA People News*, 31 Julie. <https://www.sapeople.com/eish-south-african-stuff/latest-crime-statistics-for-south-africa-increase-in-murder-rate> (1 November 2023 geraadpleeg).

BBC Special Report. 1998. http://cdnedge.bbc.co.uk/1/hi/special_report/1998/03/98/russian_mafia/70095.stm (9 Februarie 2026 geraadpleeg).

BizNews-editor. 2024. SA's growing organized crime epidemic: Is it becoming a "Mafia State"? <https://www.biznews.com/thought-leaders/2023/02/07/sa-Mafia-state> (23 April 2024 geraadpleeg).

Bloomberg. 2020. Advisory group puts a date to South Africa's collapse. *BusinessTech*, 10 September. <https://businesstech.co.za/news/business/432504/advisory-group-puts-a-date-to-south-africas-collapse> (20 Oktober 2020 geraadpleeg).

Bratton, M. en N. van de Walle. 1998. *Democratic experiments in Africa: regime transformations in comparative perspective*. Cambridge: Cambridge University Press.

Brewminate. 2022. Bratva: the emergence and growth of the Russian Mafia. 2022. <http://brewminate.com/bratva-the-emergence-and-growth-of-the-russian-Mafia> (25 September 2022 geraadpleeg).

Bruce, D. 2013. A provincial concern? Political killings in South Africa. *SA Crime Quarterly*. <https://journals.co.za/doi/pdf/10.10520/EJC142347> (1 November 2023 geraadpleeg).

* BusinessLIVE. 2021. State Security Agency was politicised, Zondo commission told. *BusinessDay*, 26 Januarie. <https://businesslive.co.za/bd/national/state-security-agency-was-politicised-zondo-commission-told> (28 Januarie 2021 geraadpleeg).

Businesstech. 2021. Hawks investigating claims that R41 quadrillion was stolen in South Africa. <https://businesstech.co.za/news/trending/486049/hawks-investigating-claims-that-r41-quadrillion-was-stolen-in-south-africa> (9 Februarie 2026 geraadpleeg).

—. 2025. Failed state warning for South Africa. <https://businesstech.co.za/news/business-opinion/834512/failed-state-warning-for-south-africa> (18 Augustus geraadpleeg).

Butler, A. (red.). 2010. *Political funding and political change in South Africa and the global South*. Johannesburg: Jacana.

Castingsa. 2008. ANC's Chancellor House fingered in secret R170 million deal. <https://castingsa.com/ancs-chancellor-house-fingered-in-secret-r170-million-deal> (3 Julie 2023 geraadpleeg).

Chipkin, I. en M. Swilling. 2018. *Shadow state: the politics of state capture*. Johannesburg: Wits University.

Chulov, M. 2021. "Mob boss" Assad's dynasty tightens grip over husk of Syria. *The Guardian*, Mei. <https://www.theguardian.com/world/2021/may/26/bashar-al-assad-tightens-grip-on-power-as-syria-goes-to-polls> (19 Junie 2024 geraadpleeg).

Commins, L. 2024. Surge in political assassinations sparks concern ahead of South Africa's May elections. <https://mg.co.za/politics/2024-05-21-sas-elections-have-been-marred-by-political-killings-report-says/> (9 Februarie 2026 geraadpleeg).

Corrigan, T. 2024. Mafia-style crimes/construction mafia weakens the foundations of South Africa's economy. <https://enactafrica.org/enact-observer/construction-mafia-weakens-the-foundations-of-south-africa-s-economy> (9 Februarie 2026 geraadpleeg).

Cotterill, J. 2021. South Africa counts the cost of its worst unrest since apartheid. <https://www.accord.org.za/conflict-trends/the-july-2021-protests-and-socio-political-unrest-in-south-africa> (1 November 2023 geraadpleeg).

CRA (Centre for Risk Analysis). 2024. *Socio-Economic Survey 2023*. Johannesburg: Centre for Risk Analysis.

* Crouse, G. 2023. Disturbing details behind "job bloodbath" data. *Daily Friend*, 28 Julie. <https://dailyfriend.co.za/2023/07/08/disturbing-details-behind-jobs-bloodbath-data> (3 November 2023 geraadpleeg).

Curlewis, L. 2022. The South African criminal justice system: under siege. Referaat gelewer by die Universiteit van Pretoria ter afskeid van prof. Koos Malan op 19 Augustus. Ongepubliseer.

Daily Investor. 2022. South Africa on the verge of collapse – economist. <https://dailyinvestor.com/south-africa/5825/south-africa-on-the-verge-of-collapse-economist> 6 November 2023 geraadpleeg).

Democratic Alliance. 2023. Track the consequences of Zondo’s State Capture reports. <https://www.da.org.za/statecaptureconsequences> (17 Januarie 2023 geraadpleeg).

De Ruyter, A. 2023. *Truth to power: My three years inside Eskom*. Johannesburg: Penguin Books.

De Wet, P. 2016. SA’s justice system is battling. *Mail & Guardian*, 16 September. <https://mg.co.za/article/2016-09-16-00-sas-justice-system-is-battling> (1 November 2023 geraadpleeg).

De Wet, P. en M. Mataboge. 2015. Chancellor House: R266m for nine years of lies by ANC partner. <https://mg.co.za/article/2015-09-29-chancellor-house-r266-million-for-9-years-of-lies-by-anc-partner> (9 Februarie 2026 geraadpleeg).

Donnelly, L. 2014. ANC: Banning party investment arms not the answer. <https://mg.co.za/article/2014-03-27-anc-banning-party-investment-arms-not-the-answer> (7 Julie 2024 geraadpleeg).

* Drug trafficking statistics worldwide. 2024. <https://www.wellbrookrecovery.com/post/drug-trafficking-statistics> (15 Mei 2024 geraadpleeg).

Duane, E.C. 2017. Corruption and state capture under two regimes in Guyana. *ResearchGate*. https://www.researchgate.net/publication/316608300_Corruption_and_State_Capture_under_two_Regimes_in_Guyana/link/59076cbc4585152d2e9c42ea/download (1 November 2023 geraadpleeg).

Du Plessis, L.J. 1941. *Die moderne staat*. Stellenbosch: Pro Ecclesia.

Duvenhage, A. 1998. Die krisis van die nasiestaat. *Acta Academica*, 31(3):1–35.

—. 2005a. Politieke transformasie – ’n konseptuele oriëntasie en Suid-Afrikaanse toepassing. *Acta Academica*, 37(2):1–40.

—. 2005b. The dynamism of political transformation in South Africa – a general assessment. *Communitas*, 10:1–19.

—. 2007a. Die Suid-Afrikaanse politieke omgewing: ’n strategiese ontleding en scenario-analise. Professorale intreerede. NWU (Potchefstroomkampus). Ongepubliseer.

—. 2007b. Politieke transformasie as ’n ideologiese raamwerk – ’n beleidsanalise en perspektief. *Koers*, 72(3):19–41.

—. 2007c. Die Suid-Afrikaanse politiek: ’n neo-patrimoniale logika? *Woord en Daad*, Herfs-uitgawe, ble. 1–22.

—. 2020a. Suid-Afrika by 'n kantelpunt: 'n slegte-saak-scenario? *LitNet Akademies*, 17(3):241–68. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2020/12/LitNet_Akademies_17-3_Duvenhage_241-268.pdf.

—. 2020b. Suid-Afrika in 'n smeltkroes van verandering: eietydse en toekomstperspektiewe. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 56(3/4):137–62.

—. 2021. Politieke transformasie in Suid-Afrika: implikasies vir die staat, die ekonomie en samelewing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 61(3):713–37.

—. 2022. The role of political parties in coalition building at the local government level. In Reddy e.a. (reds.) 2022:187–214.

—. 2023a. Koalisiepolitiek: die kuns van die (on)moontlike? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63 (1):99–121. https://www.scielo.org.za/scielo.php?script=sci_arttext&pid=S0041-47512023000100006 (25 Januarie 2025 geraadpleeg).

—. 2023b. Sal die Suid-Afrikaanse konstitusionele demokrasie die huidige krisis wat die bestel in die gesig staar oorleef? *LitNet Akademies*, 20(1):116–48. <https://www.litnet.co.za/sal-die-suid-afrikaanse-konstitusionele-demokrasie-die-huidige-krisis-wat-die-bestel-in-die-gesig-staar-oorleef> (9 Februarie 2026 geraadpleeg).

—. 2023c. Die 2024-verkiesing: Is 'n Suid-Afrikaanse Lente op pad? LitNet, 25 Oktober. <https://www.litnet.co.za/die-2024-verkiesing-is-n-suid-afrikaanse-lente-op-pad> (9 Februarie 2026 geraadpleeg).

—. 2023d. Patrone van onstabieleit in die Suid-Afrikaanse politieke omgewing – 'n tendens-ekstrapolasie. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 63(4):1–32.

—. 2024a. Suid-Afrika se belangrikste verkiesing nog. Potchefstroom. Referaat gelewer by die Potchefstroomse Werkgroep van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. NWU, April 2024. Ongepubliseer.

—. 2024b. Pakhanate-state – 'n konseptualisering, kontekstualisering en Suid-Afrikaanse toepassing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*. 64(3):487–517.

—. 2024c. Die fundamentele hervorming van die Suid-Afrikaanse staat – motivering en strategie. *LitNet Akademies*, 21(1):320–35. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2024/06/LitNet_Akademies_j21n1b9_Duvenhage.pdf.

Easton, D. 1965. *A systems analysis of political life*. New York: John Wiley & Sons.

* Encyclopedia Britannica. 2024. Yakuza. <https://www.britannica.com/topic/yakuza/> (15 Augustus 2024 geraadpleeg).

* English-Old Turkish Dictionary. 2023. *khagan* in Old Turkish – English-Old Turkish Dictionary/Glosbe. <https://glosbe.com/en/otk/khagan> (21 April 2023 geraadpleeg).

Erasmus, D. en L. Hlangu. 2021. Phoenix massacre: What really happened in the deadly collision of brutalized communities. *Daily Maverick*, 28 Julie. <https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-07-28-phoenix-massacre-what-really-happened-in-the-deadly-collision-of-brutalised-communities> (30 Oktober 2023 geraadpleeg).

